N V T

## INSIDENT 5 :

**DIE DOODMAAK VAN DRIE AKTIVISTE TE SWAZILAND EN DIE DUPLISERING VAN VOERTUIE WAT GEBRUIK IS IN DIE HINDERLAAG**

9.a **BESONDERHEDE VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN :**

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(i) DAAD/DADE, VERSUIM/E OF MISDRYF/MISDRYWE :

MOORD, SAMESWERING, AANRANDINGS, SAAKBESKADIGING, BEGUNSTIGING, REGSVERYDELING, OOTREDINGS INGEVOLGE DIE WET OP WAPENS EN AMMUNISIE

ALLE MINDERE MISDRYWE ONDER BOGENOEMDE

ALLE ANDER MISDRYWE WAT MAG BLYK UIT DIE FEITE

(ii) DATUM :

12 FEBRUARIE 1989

(iii) PLEK :

SWAZILAND

(iv) AARD EN BESONDERHEDE :

Ek wens daarop te wys dat hierdie voorval waarna hieronder verwys gaan word plaasgevind het gedurende die tydperk toe ek die Bevelvoerder was van Seksie C1 en gestasioneer was te Vlakplaas.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek kan nie meer die presiese datum onthou nie maar ek kan wel onthou dat daar 'n vergadering gehou is op Vlakplaas waar die volgende persone teenwoordig was :

a. GENERAAL GERRIT ERASMUS
b. BRIGADIER WILLEM SCHOON
c. KOLONEL OOSTHUIZEN (Intelligensie Hoofkantoor)
d. KAPTEIN WILLEM COETZEE (Timol)
e. EKSELF

Die doel van hierdie vergadering was gewees dat daar planne beraam was vir die doodmaak van ongeveer 16-17 aktiviste wat volgens Kaptein W Coetzee se inligting 'n vergadering in Swaziland sou gaan bywoon. In hierdie verband wens ek daarop te wys dat die aktiviste na Coetzee se inligting, lede was van die ANC en was ons ingelig gewees dat hulle hierdie vergadering sou gaan bywoon het met die doel om opleiding te ondergaan as sogenaamde vryheidsvegters en om ook die doelstelling van die ANC binnelands te bevorder. Volgens General Erasmus sowel as Kolonel Oosthuizen moes hierdie mense gedood word in Swaziland en nie aan die kant van die Republiek van Suid Afrika nie. Ek is nie seker hoekom die mense nie hier gearresteer kon word nie. Ek het egter nie vrae gevra nie in die opsig dat ek hier opdrag gekry het van senior offisiere in die Suid Afrikaanse Polisie en ek sodanig geindoktrineer was dat ek alles moontlik sou doen om die vyande te beveg en het ek goedsmoeds geglo dit wat my Senior Offisiere vir my gesê het en was ek in my eie hart daarvan oortuig dat die onkonvensionele bevegting van die ANC die enigte oplossing was om hulle aan bande te lê.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Gedurende hierdie vergadering het ek spesifiek vir Kaptein Willem Coetzee (Timol) gevra of die voertuig wat ons sou gebruik om hierdie persone voor te lê "skoon" is en of daar hoegenaamd enige moontlikheid was dat hierdie voertuig na die S A Polisie teruggespoor kon word. Coetzee het ondubbelsinnig aan my te kenne gegee dat

hierdie voertuig nie terugspoorbaar was na die S A Polisie nie.

Op 'n later stadium kort na die vergadering waarna ek hierbo verwys het, het ek gereed gemaak vir die operasie en is my herinnering dat die volgende persone weer op Vlakplaas teenwoordig was voordat ons op die operasie sou vertrek :

a. GENERAL GERRIT ERASMUS

b. KOLONEL OOSTHUIZEN

c. KAPTEIN WILLEM COETZEE

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

My herinnering is dat daar tydens hierdie inligtingsvergadering aan my te kenne gegee is dat daar nie meer van 'n kombi gebruik gemaak sou word nie, maar dat daar besluit is dat hulle van 'n wit Opel Monza voertuig gebruik sou maak, en in welke voertuig 5 sogenaamde aktiviste vervoer sou word.

Kaptein Coetzee sou die aktiviste hanteer tot hulle die Swazigrens kruis. Ons het nooit met die aktiviste kontak gehad nie. Die aktiviste sou twee van ons Askaris by die Manzini poskantoor ontmoet en van daar na die hinderlaag gelok word. Ek het , volgens inligting verskaf deur die Intelligensiesdiens, nooit twyfel gehad dat hierdie aktiviste

wel 'n gevaar vir die Republiek van Suid Afrika ingehou het nie.

Dieselfde nag om ongeveer tussen 21h00 - 23hoo en in Swaziland is die aktiviste in 'n hinderlaag gelei, welke hinderlaag ek persoonlik opgestel het. Die aktiviste is in die hinderlaag gelei deur twee sogenaamde Askari's en is al drie die aktiviste in hierdie hinderlaag doodgeskiet. My herinnering is dat een van die sogenaamde Askari's ene GEOFF BOSIGO was en kan ek ongelukkig nie ,die ander Askari's se name onthou nie. Die beplanning was dat die Askari's die aktiviste by die Manzini Poskantoor sou ontmoet van waar hulle dan in 'n hinderlaag gelei sou word. Die groep van my operateurs wat saam met my betrokke was by die lê van die hinderlaag was volgens my vae herinnering :

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

a. **RUAN BELLINGHAM**
b. **JOHN TAIT**
c. **KAPTEIN DU PLESSIS**
d. **PIET SNYDERS**
e. **LEON FLORES**

My herinnering is dat alle lede wat teenwoordig was deelgeneem het aan die skietery en die beplanning van die hinderlaag.

My herinnering is dat daar dalk ook meerdere persone teenwoordig kon wees, maar op hierdie stadium is die bovermelde name die

enigste name wat ek kan onthou.

Net voordat ons vertrek het op hierdie operasie het ek 'n plastiese sak met 'n dik koevert met dokumente van Kaptein Coetzee ontvang met die opdrag dat ek die koevert by 'n lyk of in die motor moes plaas sodat dat die Swazi Polisie se aandag getrek word en wat tot disinformasie aanleiding sou gee en dat die oorledenes gediskrediteer sou word. Ek is nie presies seker wat die inhoud van hierdie dokumente was nie en het ek bloot die dokumente in die Monza voertuig geplaas nadat ek dit uit die plastiese sak geskud het. In die lê van die hinderlaag en in die doodskiet van die aktiviste het ons gebruik gemaak van AK 47 gewere wat met knaldempers toegerus was. Die rede vir die koevert in die plastiese sak was sodat vingerafdrukke nie daarop gevind kon word nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ekself en die groep operateurs waarna ek hierbo verwys het die volgende dag na Suid Afrika teruggekeer. 'n Dag of wat nadat ons teruggekeer het, het Kaptein Johan Victor van die Pretoria voertuigtak my om ongeveer 16h00 geskakel en meegedeel dat die Swazi Polisie van die Suid Afrikaanse Polisie hulp wou hê wat betref die identifisering van die Opel Monza wat in Swaziland gevind is en waarin drie persone doodgeskiet is. Kaptein Victor wou by my weet of ek enige kennis gedra het van hierdie insident en het ek dit ontken. Kaptein Victor het my egter meegedeel dat hy vasgestel het dat

hierdie 'n Regulasie 80(6) voertuig was wat deur die Suid Afrikaanse Polisie gebruik was (hierdie was voertuie wat vir Koeverte Operasies gebruik is en waarvan hierdie voertuie tot beskikking van die Veiligheidstak en andere gestel was).

Ek het toe aan Kaptein Victor gesê dat hy bloot moet wag met die beantwoording van die navraag sodat ek eers die nodige ondersoek kon loods.

Ek het onmiddellik daarna met Brigadier Willem Schoon geskakel en hom ingelig omtrent die navrae wat gerig is rondom die Monza voertuig deur Kaptein Victor. Dieselfde middag nog het die volgende persone by Vlakplaas byeen gekom :

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

a. **GENERAAL GERRIT ERASMUS**
b. **BRIGADIER WILLEM SCHOON**
c. **KOLONEL OOSTHUIZEN**
d. **WILLEM COETZEE**
e. LATER OOK **KOLONEL WAHL DU TOIT**
f. Ekself

Daar is tydens die byeenkoms later die middag besluit dat die Monza voertuig aan alle opsigte deur die tegniese afdeling van die S A Polisie gedupliseer sou word wat dan sou toon dat die werklike voertuig nog

steeds in Suid Afrika was en dat daar bloot 'n gesteelde duplikaat daarvan in Swaziland was.

Die tegniese afdeling het toe voortgegaan om 'n presiese duplikaat van hierdie voertuig voor te berei en is die voertuig ook op 'n stadium na Vlakplaas gebring om aan my te toon. Nadat ek die voertuig gesien het, is dit toe weer verwyder. Ek kan ongelukkig nie my in herinnering roep wie die voertuig op Vlakplaas aangebring het en wie dit daarna verwyder het nie.

9.b **BESERINGS, DOOD OF SKADE GELY AS GEVOLG VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIME OF MISDRYF/MISDRYWE :**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

PERSONE IS OM DIE LEWE GEBRING

9.c

**(i) NAAM/NAME VAN DE SLAGOFFERS :**

THABO MOHALE ; DERRICK MASHOBANE ; PORTA SHABANGU

(ii) **BEROEPE VAN SLAGOFFERS :**

LEDE VAN DIE INGEPERKTE ORGANISASIE WA BEKEND GESTAAN HET AS DIE "SOUTH AFRICAN NATIONAL STUDENTS' CONGRESS".

(iii) **NAME & ADDRESSE VAN SLAGOFFERS SE NAASBESTAANDES:**

ONBEKEND

iv) **ENIGE ANDER INLIGTING WAT MET DIE IDENTIFISERING EN OPSPORING VAN DIE SLAGOFFER BEHULPSAAM KAN WEES:**

N V T

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

10.a & b **POLITIEKE OOGMERK EN MY MOTIVERING WAAROM SODANIGE DADE, VERSUIME OF MISDRYWE AS DADE, VERSUIME OF MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN, BESKOU WORD :**

** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND & INLEIDING.

10.c **IS U OP ENIGE WYSE BEVOORDEEL** Finansieel **OF ANDERSINS?**

NEE

10.d **INDIEN WEL, VERDUIDELIK DIE AARD EN OMVANG DAARVAN**

N V T

11.a **IS DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE VERRIG IN DIE UITVOERING VAN 'N BEVEL OF TEN BEHOEWE VAN, OF MET GOEDKEURING VAN DIE BETROKKE ORGANISASIE, INSTELLING, LIGGAAM, BEVRYDINGSBEWEGING, STAATSDEPARTEMENT OF VEILIGHEIDSMAG ?**

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

JA

11.b **INDIEN WEL, MELD BESONDERHEDE MET BETREKKING TOT SODANIGE BEVEL OF GOEDKEURING EN DIE DATUM DAARVAN EN INDIEN BEKEND, DIE NAAM/NAME EN ADRES/SE VAN DIE PERSOON/PERSONE WAT SODANIGE BEVEL/E OF GOEDKEURING VERLEEN HET :**

IN OPDRAG VAN :

A. GENERAAL ERASMUS EN BRIGADIER SCHOON

12. **INDIEN VERVOLGING GEVOLG HET, MELD :**

(a) IN WELKE HOF :

N V T

(b) SAAKNOMMER/S :

N V T

(c) OP WELKE AANKLAGTE :

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

(d) DATUM VAN DIE VOLGENDE VERSKYNING IN DIE HOF (INDIEN ENIGE) :

N V T

(e) MISDRYF TEN OPSIGTE WAARVAN SKULDIG BEVIND IS (INDIEN ENIGE) :

N V T

(f) DATUM VAN VONNIS (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(g) VONNIS OPGELê (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(h) GEVANGENISNOMMER (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

13.a **IS SIVIEL VERRIGTINGE HANGENDE OF WORD DIT BEOOG NA AANLEIDING VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE TEN OPSIGTE WAARVAN AMNESTIE VERLANG WORD ?**

NEE.

13.b **INDIEN WEL, MELD :**

(i) DIE IDENTITEIT EN ADDRESSE VAN PARTYE EN HUL REGSADVISEURS INDIEN ENIGE :

N V T

(ii) DIE SAAKNOMMER EN DIE HOF WAARIN DIE VERRIGTINGE HANGEND IS :

N V T

**INSIDENT 6 :**

**NYOKA EN DRIE ANDERE GEDOOD TE PIET RETIEF (MAKAROV PISTOOL GEPLANT) :**

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

9.a **BESONDERHEDE VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN :**

(i) DAAD/DADE, VERSUIM/E OF MISDRYF/MISDRYWE :

SAMESWERING ,MOORD, AANRANDING, SAAKBESKADIGING, REGSVERYDELING, BEGUNSTIGING, OORTREDINGS INGEVOLGEDIE WET OP WAPENS EN AMMUNISIE

ALLE MINDERE MISDRYWE ONDER BOGENOEMDE

ALLE ANDER MISDRYWE WAT MAG BLYK UIT DIE FEITE

(ii) DATUM :

8 JUNIE 1988

(iii) PLEK :

SWAZILAND / PIET RETIEF

(iv) AARD EN BESONDERHEDE :

My herinnering is dat Piet Retief Veiligheidstak my om hulp gevra het in die opsig dat Seksie C1 se dienste tydens 'n beplande infiltrasie van gewapende ANC lede van Swaziland ingeroep sou word. Hierdie was weereens 'n geval gewees waar Vlakplaas deur ander komponente van die Veiligheidspolisie betrek is om hulle behulpsaam te wees met onwettige optredes wat geloods is ter beskerming van die publiek en meer spesifiek die Polisie. Ek het voordat ek hierdie operasie geloods het, ook met Brigadier Willem Schoon daaroor gepraat en my herinnering is dat Brigadier Willem Schoon op daardie stadium teenwoordig was by 'n sogenaamde werkswinkel te Isleland Rock. Ek het ook na die plaasvind van die operasie aan Brigadier Willem Schoon terug gerapporteer. Die infiltrasie sou plaasvind deur Oos Transvaal na Port Natal. Volgens die Bevelvoerder van die Piet Retief Veiligheidstak, **ADJUDANT OFFISIER PIENAAR**, moes 'n totaal

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

van 36 MK Lede die land infiltreer in klein groepies. Ons inligting was dat die Bevelvoerder van hierdie operasie in Swaziland 'n MK Lid was wat bekend gestaan het as **CHARLES NDABA**. Ons het ook vasgestel dat Piet Retief se Veiligheidstak hierdie groep ANC lede geinfiltreer het en was die inligting wat hulle bekom het van 'n baie hoë gehalte.

'n Voertuig van Seksie C1 wat die ANC lede moes vervoer (wat deel was van die eerste groep) het gebreek oppad Piet Retief toe en daar moes toe 'n voertuig van die Speurtak Piet Retief geleen word vir die operasie. Die lang afstand amptelike tweerigting radio is uitgebou deur ons, wat in die bagasiebak van hierdie voertuig ingebou was. Ons kon egter nie die radio se hegrak uitkry nie. Ons het toe daarna met Luitenant Moshe van Seksie C1 wat die bestuurder sou wees gereël dat hy vir MK lede sou sê dat die bagasiebak se slot stukkend was en nie kon oopgaan nie. Luitenant Moshe sou indien die MK Lede gewapen of synde voorgekom het asof hulle gewapen te wees, die voertuig wat hy in die hinderlaag mee stil hou verlaat en voor om die voertuig hardloop. Die feit dat hy sou hardloop sou dan deur ons geag word as 'n teken dat die persone wel gewapen is. Luitenant Moshe het na die optel punt vertrek en ek en lede van my eenheid en lede van Piet Retief Veiligheidstak het op die Piet retief Houtkop pad stelling ingeneem. Met die aankoms van Luitenant Moshe se voertuig vanaf Houtkop het hy sy ligte geflikker, die hinderlaag gebied en stilgehou en toe om die voertuig gehardloop.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Een van Piet Retief se veiligheidstak lede het 'n soeklig op die voertuig geskyn. Ons kon egter nie sien wat in die voertuig aangaan nie want ons nooit voorsien het nie was dat die vensters van die voertuig aan die binnekant toegewasem sou wees.. Ek was op daardie stadium baie onseker van wat my te doen staan en het aanvanklik vir sekondes gehuiwer om te vuur. Almal het egter vir my gewag om te vuur. Die venster links agter het begin afsak en ek kon nie die risiko loop om self, of van die lede gedood of gewond te kry nie. Daar was deur Luitenant Moshe reeds die aanduiding gegee dat die MK Lede gewapen is as gevolg van sy gehardlopery voor om die voertuig. Ons kon uit die aard nie insien in die voertuig nie, en ons het geweet dat ons te doen gehad met militêre opgeleide MK lede. Ek het daarna begin om op die linker voordeur te vuur. Die ander lede het almal begin vuur en na plus minus 10 of 11 skote van my het ek 'n staakvuur bevel gegee. Al die insittendes behalwe die persoon regs agter het stil in die voertuig gelê. Die persoon regsagter in die voertuig het by die deur uitgeval. Die persone het hulle bagasiesakke en pakke by hulle gehad na die beste van my geheue. Adjudant Offisier Freek Pienaar het die sakke nagegaan en niks gevind nie. Daar was geen wapentuig nie en slegs klerasie. Ek bevestig dat daar in hierdie voorval drie swart vrouens en een Indiër man om die lewe gebring is.

Ek en A O Pienaar het toe daarna besluit om 'n Makarov pistool wat

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Adjudant Pienaar by sy kantoor gehad het, sowel as twee of drie Oosblok handgranate by die persone te plant en om sodoende voor te gee dat hulle gewapen was. Adjudant Pienaar het na die beste van my geheue een van die vrouens herken as 'n buitelands opgeleide MK lid verbonde aan die ANC se Intelligensie-diens, en in Kuba opgelei. Die Veiligheidstak van Piet Retief het die hantering van die lyke en die eiendom daarna hanteer.

Ek wens verder daarop te wys dat ek volle verantwoordelikheid neem vir die plaasvind van hierdie voorval en wel in my hoedanigheid as die Bevelvoerder van Seksie C1.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

9.b **BESERINGS, DOOD OF SKADE GELY AS GEVOLG VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIME OF MISDRYF/MISDRYWE :**

VIER PERSONE IS OM DIE LEWE GEBRING

9.c

(i) **NAAM/NAME VAN DE SLAGOFFERS :**

MAKHOSI NYOKA ; LINDIWE MTHEMBU ; SURRENDRA NAIDU ; JUNE ROSE COTHOZA

(ii) **BEROEPE VAN SLAGOFFERS :**

ONBEKEND

(iii) **NAME & ADDRESSE VAN SLAGOFFERS SE NAASBESTAANDES:**

ONBEKEND

iv) **ENIGE ANDER INLIGTING WAT MET DIE IDENTIFISERING EN OPSPORING VAN DIE SLAGOFFER BEHULPSAAM KAN WEES:**

N V T

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

10.a & b **POLITIEKE OOGMERK EN MY MOTIVERING WAAROM SODANIGE DADE, VERSUIME OF MISDRYWE AS DADE, VERSUIME OF MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN, BESKOU WORD :**

** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND &

INLEIDING.

10.c **IS U OP ENIGE WYSE BEVOORDEEL Finansieel OF ANDERSINS?**

NEE

10.d **INDIEN WEL, VERDUIDELIK DIE AARD EN OMVANG DAARVAN:**

N V T

11.a **IS DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE VERRIG IN DIE UITVOERING VAN 'N BEVEL OF TEN BEHOEWE VAN, OF MET GOEDKEURING VAN DIE BETROKKE ORGANISASIE, INSTELLING, LIGGAAM, BEVRYDINGSBEWEGING, STAATSDEPARTEMENT OF VEILIGHEIDSMAG ?**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

JA

11.b **INDIEN WEL, MELD BESONDERHEDE MET BETREKKING TOT SODANIGE BEVEL OF GOEDKEURING EN DIE DATUM DAARVAN EN INDIEN BEKEND, DIE NAAM/NAME EN ADRES/SE VAN DIE PERSOON/PERSONE WAT SODANIGE BEVEL/E OF GOEDKEURING VERLEEN HET :**

AJUDANT OFFISIER PIENAAR VAN PIET RETIEF VEILIGHEIDSTAK

BRIGADIER WILLEM SCHOON

12. **INDIEN VERVOLGING GEVOLG HET, MELD :**

(a) IN WELKE HOF :

N V T

(b) SAAKNOMMER/S :

N V T

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

(c) OP WELKE AANKLAGTE :

N V T

(d) DATUM VAN DIE VOLGENDE VERSKYNING IN DIE HOF (INDIEN ENIGE) :

N V T

(e) MISDRYF TEN OPSIGTE WAARVAN SKULDIG BEVIND IS (INDIEN ENIGE) :

N V T

(f) DATUM VAN VONNIS (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(g) VONNIS OPGELê (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(h) GEVANGENISNOMMER (INDIEN VAN TOEPASSING) :

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

13.a **IS SIVIEL VERRIGTINGE HANGENDE OF WORD DIT BEOOG NA AANLEIDING VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE TEN OPSIGTE WAARVAN AMNESTIE VERLANG WORD ?**

NEE.

13.b **INDIEN WEL, MELD :**

(i) DIE IDENTITEIT EN ADDRESSE VAN PARTYE EN HUL

REGSADVISEURS INDIEN ENIGE :

N V T

(ii) DIE SAAKNOMMER EN DIE HOF WAARIN DIE VERRIGTINGE HANGEND IS :

N V T

**INSIDENT 7 :**

**MOORD OP SIBISI, MTEMBU EN ANDERE :**

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

9.a **BESONDERHEDE VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN** :

(i) DAAD/DADE, VERSUIM/E OF MISDRYF/MISDRYWE :

SAMESWERING , MOORD, AANRANDING, SAAKBESKADIGING, REGSVERYDELING, BEGUNSTIGING, OORTREDINGS INGEVOLGE DIE WET OP WAPENS EN AMMUNISIE

ALLE ANDER MINDERE MISDRYWE ONDER BOGENOEMDE

ALLE ANDER MISDRYWE WAT MAG BLYK UIT DIE FEITE

(ii) DATUM :

12 JUNIE 1988

(iii) PLEK :

SWAZILAND EN PIET RETIEF

(iv) AARD EN BESONDERHEDE :

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

Ongeveer 'n week na die voorval waarna hierbo verwys is , het Piet Retief Veiligheidstak weereens versoek dat Seksie C1 hulle behulpsaam moet wees met die voorkoming van 'n tweede groep MK Lede wat deur CHARLES NDABA, die leier van die operasie, geinfiltreer gaan word na Port Natal, via Piet Retief , Oos Transvaal.

Die rede waarom Seksie C1 versoek was, is omdat die MK Lede almal militêr opgelei was en dat die lede van die Polisie wat voorkomend moes optree, nie behoorlik teen terreur opgelei was nie. In hierdie geval sou meer as vier MK lede in die voertuig gewees het. Daarom die bussie

Seksie C1 het baie aandag gegee aan die opleiding van sy lede om

spesifiek die vermoë te kan hê om teen enige militêre opgeleide groep te kan optree, hetsy ANC of PAC lede. Seksie C1 het ook bestaan uit heelwat oud Koevoet lede wat almal gevegsondervinding gehad het en baie goed opgelei was. Tydens hierdie infiltrasie het daar ook lede van die Witbank en Middelburg Veiligheidstak deelgeneem het aan die optrede. 'n Bussie was gereël om hierdie groep te vervoer met 'n lid van die Piet Retief se speur tak as die bestuurder. Dieselfde reëls sou geld as met die vorige optrede 'n week gelede ten opsigte van die teken of die persone gewapen sou wees al dan nie. Ek het daarna met Adjudant Offisier Pienaar en Majoor Deetlefs oorleg gepleeg en voor gestel dat hierdie aanhoudende infiltrasies in die kiem gesmoor moet word en het ek voorgestel dat ek 'n tweede groep van my lede oor die grens na Swaziland sou stuur om die Bevelvoerder van die infiltrasie te vang of uit te wis. Dit sou voorkom dat die res van die groep inkom of ten minste sou dit 'n vertraging bewerkstellig en natuurlik ook heelwat verwarring te weeg bring. Ek het die besluit geneem om hulle om die lewe te bring omdat ek oortuig daarvan was dat die mense gewapen sou wees. Adjudant Offisier Freek Pienaar hulle was nie behoorlik opgelei om gewapende mense teen te gaan nie en is ons dan ook inderdaad ook gevra om hierdie optrede te lei.

Met die aankoms van die bussie, het die bussie nie binne die hinderlaag gebied stilgehou nie maar ongeveer 80 meter aangery en toe stilgehou. Die bestuurder van die bussie was 'n bron van die Piet

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Speur
Retief ~~Veiligheidstak~~, ~~maar ek kan nie onthou wat die bron se naam was nie bo en behalwe om te onthou dat sy 'n swart vrou was~~. Die genoemde bestuurder van die bussie het baie vinnig voor om die bussie gehardloop en ek het reeds met die bussie se verby ry in die rigting van die bussie gehardloop. Met die vorige week se geskietery nog vars in my geheue wou ek seker maak dat die inligting heeltemal korrek is en ongeveer 4 meter van die bussie af het ek vasgesteek toe 'n man links voor uit die deur uit tol en 'n AK 47 geweer links begin swaai.

Ek het onmiddellik begin vuur en hy het met ongeveer die 3de of 4de skoot geval. Ek het na regs geswaai en begin vuur na 'n beweging in die bussie en van my lede wat op my hakke was het begin na teikens in die bussie te vuur.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Die groepe vanaf Witbank, Piet Retief en Middelburg het ook nou van agteraf aangehardloop gekom en het ook aanhoudend gevuur. Vier lede van die MK gewapen met AK47 gewere is doodgeskiet. Ek is vandag nog oortuig dat as ek 1 sekonde stadiger was, of die MK lid links voor 1 sekonde vinniger was, daar daardie aand 'n slagting onder die Polisie sou plaasgevind het.

Die hantering van die toneel en die eiendom van die MK lede was deur Piet Retief Veiligheidstak gehanteer. Met die indiening van my

verklaring 'n paar dae later ten opsigte van die skietery het Piet Retief Veiligheidstak my laat weet dat dit nie nodig is nie en dat Majoor Deetlefs 'n verklaring voltooi het wat gemeld het dat hy die voorval gelei het en in die skietery betrokke was. Ek het later verstaan dat Majoor Deetlefs verantwoordelikheid vir hierdie operasie op hom geneem het en ek vermoed dat hy die verantwoordelikheid op hom geneem het omdat hy graag 'n toekenning wou ontvang.

Ek neem eweneens volle verantwoordelikheid vir die hele operasie binnelands sowel as buitelandse.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Intussen het die lede wat ek oor die grens gestuur het, teruggekeer en gerapporteer dat hulle een van die mans doodgeskiet het by 'n voertuig en dat die ander een, CHARLES NDABA, ontsnap het. Ek en die ander groeplede van Seksie C1 het toe gaan slaap aangesien ons die volgende dag na Pretoria moes vertrek.

9.b **BESERINGS, DOOD OF SKADE GELY AS GEVOLG VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIME OF MISDRYF/MISDRYWE :**

PERSONE IS OM DIE LEWE GEBRING

9.c

(i) **NAAM/NAME VAN DE SLAGOFFERS :**

JABULANI SIBISI ; JOSEPH MTHEMBU; SIFISO NXUMALO ; NKOSI THENJEKWAYO

(ii) **BEROEPE VAN SLAGOFFERS :**

ONBEKEND

(iii) **NAME & ADDRESSE VAN SLAGOFFERS SE NAASBESTAANDES:**

ONBEKEND

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

iv) **ENIGE ANDER INLIGTING WAT MET DIE IDENTIFISERING EN OPSPORING VAN DIE SLAGOFFER BEHULPSAAM KAN WEES:**

N V T

10.a & b **POLITIEKE OOGMERK EN MY MOTIVERING WAAROM SODANIGE DADE, VERSUIME OF MISDRYWE AS DADE, VERSUIME OF MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN, BESKOU WORD :**

** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE

WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND & INLEIDING.

10.c **IS U OP ENIGE WYSE BEVOORDEEL** Finansieel **OF ANDERSINS?**

NEE

10.d **INDIEN WEL, VERDUIDELIK DIE AARD EN OMVANG DAARVAN:**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

11.a **IS DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE VERRIG IN DIE UITVOERING VAN 'N BEVEL OF TEN BEHOEWE VAN, OF MET GOEDKEURING VAN DIE BETROKKE ORGANISASIE, INSTELLING, LIGGAAM, BEVRYDINGSBEWEGING, STAATSDEPARTEMENT OF VEILIGHEIDSMAG ?**

JA

11.b **INDIEN WEL, MELD BESONDERHEDE MET BETREKKING TOT SODANIGE BEVEL OF GOEDKEURING EN DIE DATUM DAARVAN EN**

**INDIEN BEKEND, DIE NAAM/NAME EN ADRES/SE VAN DIE PERSOON/PERSONE WAT SODANIGE BEVEL/E OF GOEDKEURING VERLEEN HET :**

OP VERSOEK VAN ADJUDANT OFFISIER PIENAAR

12. **INDIEN VERVOLGING GEVOLG HET, MELD :**

(a) IN WELKE HOF :

N V T

(b) SAAKNOMMER/S :

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

(c) OP WELKE AANKLAGTE :

N V T

(d) DATUM VAN DIE VOLGENDE VERSKYNING IN DIE HOF (INDIEN ENIGE) :

N V T

(e) MISDRYF TEN OPSIGTE WAARVAN SKULDIG BEVIND IS (INDIEN ENIGE) :

N V T

(f) DATUM VAN VONNIS (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(g) VONNIS OPGELê (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(h) GEVANGENISNOMMER (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

13.a **IS SIVIEL VERRIGTINGE HANGENDE OF WORD DIT BEOOG NA AANLEIDING VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE TEN OPSIGTE WAARVAN AMNESTIE VERLANG WORD ?**

NEE.

13.b **INDIEN WEL, MELD :**

(i) DIE IDENTITEIT EN ADDRESSE VAN PARTYE EN HUL REGSADVISEURS INDIEN ENIGE :

N V T

(ii) DIE SAAKNOMMER EN DIE HOF WAARIN DIE VERRIGTINGE HANGEND IS :

N V T

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**INSIDENT 8 :**

**MSIBI ONTVOERING (DIE VOORMALIGE PERSOONLIKE LYFWAG VAN WYLE MNR OLIVER TAMBO ) :**

9.a **BESONDERHEDE VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN :**

(i) DAAD/DADE, VERSUIM/E OF MISDRYF/MISDRYWE :

SAMESWERING, SAAKBESKADIGING,ONTVOERING, AANRADING

, OORTREDING INGEVOLG DIE WET OP WAPENS EN AMMUNISIE

ALLE MINDERE MISDRYWE ONDER BOGENOEMDE

ALLE ANDER MISDRYWE WAT MAG BLYK UIT DIE FEITE

(ii) DATUM :

1986

(iii) PLEK :

SWAZILAND

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(iv) AARD EN BESONDERHEDE :

Die persoon wat ons moes ontvoer was bekend as ene Msibi en hy was die hanteerder van A O Malasa van die Veiligheidstak in Nelspruit. Hierdie opdrag het gekom van Generaal Stadler, Brigadier Schoon en Kolonel Visser.

Die inligting wat gelei het tot hierdie ontvoering was verskaf deur die Oos Transvaalse Veiligheidstak, meer spesifiek Kolonel Visser wat gestasioneer was te ~~Nelspruit~~ MIDDELBURG. Die inligting het ondermeer daarop gedui dat Mnr Msibi die lyfwag was van wyle Mnr Thambo. My

herinnering was dat hulle spesifiek gesê het dat hy fiks was en ondermeer dikwels muurbal gespeel het. Hy was dan ook die hanteerder gewees van Adjudant Offisier Malasa en ook twee ander Veiligheidspolisiemanne wat verbonde was aan die Pretoria se Veiligheidstak te die Veiligheids-hoofkwartier Pretoria. Ek kan ook onthou dat albei hierdie persone toe later aangekla is en skuldig bevind is.

Ek het ook later verneem dat hierdie voorval tot ongelukkigheid en 'n mate van onmin gelei het tussen Generaal Johan van der Merwe en Neil Barnard, wat op daardie stadium die Hoof was van ~~Inter~~nasionale Intelligensie. My herrinering is dat ~~Inter~~nasionale Intelligensie blykbaar heelwat meer inligting gehad het oor die Msibi-geval en dat hulle netwerk en informante toe ernstig in due gedrang gekom het as gevolg van Msibi se ontvoering.

Nadat ons hom ontvoer het het ons hom oorhandig aan Generaal Stadler, Brigadier Schoon en Kolonel Visser wat ons ingewag het by die Oshoek grenspos. Die ontvoering het ongeveer 10h00 die oggend naby Mbabane in Swaziland plaasgevind. Adjudant Offisier Malasa is gebruik om Mnr Msibi in 'n lokval te lei. Nadat die ontvoering plaasgevind het het ons hom oorhandig aan Generaal Stadler.

My herinnering was dat daar ongeveer ses mense betrokke was by

hierdie voorval, maar kan ek nie meer al die name spesifiek onthou nie.

Hierdie voorval het te doen gehad met die werwing van 'n Suid Afrikaanse Polisie Veiligheidslid van Nelspruit A O Malaza asook die werwing van twee S A Polisie Veiligheids lede van Pretoria tak deur die ANC. Soos voormeld het die ontvoering van Mnr Msibi gespruit uit die feit dat hy Mnr Malasa as 'n informant gebruik het. Mnr Malasa is op 'n stadium in groot detail ondervra deur Generaal Stadler en het Mnr Malasa erken dat hy 'n informant was vir die ANC. Daar is daarna op sterkte van die inligting wat Mnr Malasa verskaf het, besluit om Mnr Msibi te gaan ontvoer.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

Msibi het na sy ontvoering na Vlakplaas geneem en was die dag daarna oorhandig aan Kol. Kallie Steyn van militêre intelligensie wat hom met 'n helikopter kom haal het op Vlakplaas. Ek het Msibi nie weer gesien nie en het later gehoor dat Generaal Buchner hom hanteer het. Ek wens egter daarop te wys dat Mnr Msibi nooit 'n Askari geword het nie en het hy ook op 'n deurlopende basis geweier om enige geld van die Suid Afrikaanse Polisie te aanvaar.

Msibi was tydens sy ondervraging op Vlakplaas uiters hardhandig behandel, aangerand alhoewel die aanranding nie van 'n ernstige aard was nie. Ten spyte van die aanrandings het Mnr Msibi steeds nie

enige inligting verskaf nie. Ek het later verneem dat Mnr Msibi in 1989 doodgeskiet is maar kon daar nooit met klaarheid vasgestel deur wie en waarom nie.

9.b **BESERINGS, DOOD OF SKADE GELY AS GEVOLG VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIME OF MISDRYF/MISDRYWE :**

AANRANDING

9.c

(i) **NAAM/NAME VAN DE SLAGOFFERS :**

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

SIDNEY MSIBI

(ii) **BEROEPE VAN SLAGOFFERS :**

ONBEKEND

(iii) **NAME & ADDRESSE VAN SLAGOFFERS SE NAASBESTAANDES:**

ONBEKEND

iv) **ENIGE ANDER INLIGTING WAT MET DIE IDENTIFISERING EN OPSPORING VAN DIE SLAGOFFER BEHULPSAAM KAN WEES:**

N V T

10.a & b **POLITIEKE OOGMERK EN MY MOTIVERING WAAROM SODANIGE DADE, VERSUIME OF MISDRYWE AS DADE, VERSUIME OF MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN, BESKOU WORD :**

**** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.**

**** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND & INLEIDING.**

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

10.c **IS U OP ENIGE WYSE BEVOORDEEL** Finansieel **OF ANDERSINS?**

NEE

10.d **INDIEN WEL, VERDUIDELIK DIE AARD EN OMVANG DAARVAN:**

N V T

11.a **IS DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE VERRIG IN DIE UITVOERING VAN 'N BEVEL OF TEN BEHOEWE VAN, OF MET**

**GOEDKEURING VAN DIE BETROKKE ORGANISASIE, INSTELLING, LIGGAAM, BEVRYDINGSBEWEGING, STAATSDEPARTEMENT OF VEILIGHEIDSMAG ?**

JA

11.b **INDIEN WEL, MELD BESONDERHEDE MET BETREKKING TOT SODANIGE BEVEL OF GOEDKEURING EN DIE DATUM DAARVAN EN INDIEN BEKEND, DIE NAAM/NAME EN ADRES/SE VAN DIE PERSOON/PERSONE WAT SODANIGE BEVEL/E OF GOEDKEURING VERLEEN HET :**

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

GENERAAL STADLER ; BRIGADIER SCHOON EN KOLONEL VISSER

12. **INDIEN VERVOLGING GEVOLG HET, MELD :**

(a) IN WELKE HOF :

N V T

(b) SAAKNOMMER/S :

N V T

(c) OP WELKE AANKLAGTE :

N V T

(d) DATUM VAN DIE VOLGENDE VERSKYNING IN DIE HOF (INDIEN ENIGE) :

N V T

(e) MISDRYF TEN OPSIGTE WAARVAN SKULDIG BEVIND IS (INDIEN ENIGE) :

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

(f) DATUM VAN VONNIS (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(g) VONNIS OPGELê (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(h) GEVANGENISNOMMER (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

13.a **IS SIVIEL VERRIGTINGE HANGENDE OF WORD DIT BEOOG NA AANLEIDING VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE TEN OPSIGTE WAARVAN AMNESTIE VERLANG WORD ?**

NEE.

13.b **INDIEN WEL, MELD :**

(i) DIE IDENTITEIT EN ADDRESSE VAN PARTYE EN HUL REGSADVISEURS INDIEN ENIGE :

N V T

(ii) DIE SAAKNOMMER EN DIE HOF WAARIN DIE VERRIGTINGE HANGEND IS :

N V T

**INSIDENT 9 :**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

A N C GESTEELDE VOERTUIE :

9.a **BESONDERHEDE VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN :**

(i) DAAD/DADE, VERSUIM/E OF MISDRYF/MISDRYWE :

SAMESWERING,POGING TOT MOORD, SAAK BESKADIGING, DIEFSTAL, REGSVERYDELING, BEGUNSTIGING, OORTREDINGS INGEVOLGE DIE WET OP WAPENS EN AMMUNISIE
ALLE MINDERE MISDRYWE ONDER BOGENOEMDE
ALLE ANDER MISDRYWE WAT MAG BLYK UIT DIE FEITE

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

(ii) DATUM :

LAAT TAGTIGER JARE

(iii) PLEK :

MBABANE

(iv) AARD EN BESONDERHEDE :

Hierdie voorval het ook gedurende die vroë tagtiger jare in Swaziland plaasgevind. 'n Aanval was deur my en my lede geloods op 'n huis wat deur die ANC gebruik was om gesteelde voertuie se nommers te verander. Die huis was aan die suide kant van die Mbabane - Oshoekpad geleë. Ek bevestig dat hierdie voorval plaasgevind het op my inisiatief. Die inligting wat verkry is is verkry van die Oos Transvaalse Veiligheidstak. Ek het weereens geglo dat terrorisme bestry moet word op enige manier - ek is egter op 'n latere stadium wel oor die kole gehaal toe Kolonel Visser van die Oos Transvaalse Veiligheidstak gaan kla het by my Bevelvoerder Brigadier Schoon. Ek het hierdie optrede weereens geloods in my bona fide geloof dat terrorisme op enige basis en moontlikheid bestry moes word.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Een persoon was gewond in die skietery maar het in die proses ontsnap. 'n Tweede persoon het egter in 'n slaapkamer gelê met 'n AK 47 geweer, en het ek myself in 'n ander kamer in die huis bevind. In dieselfde huis was daar 'n klein kindjie wat in die gang op en af gehardloop het. Nie een van ons twee kon vuur nie omdat die kind tussen ons twee beweeg het en het ek op daardie stadium slegs twee rondtes in my wapen gehad en het die man ontsnap. In die kombuis onder die yskas weggesteek het ons later ponse met syfers en letters gekry wat gebruik was om die gesteelde voertuie se besonderhede te verander.

Hierdie gesteelde voertuie se nommers wat verander is is klaarblyklik daarop gemik om die ANC se beurs te bestuif en aan te vul. Ons het hierdie modes operandi gehad toe Msibi byvoorbeeld ontvoer is. Sy ontvoering het juis plaasgevind in 'n voertuig wat gesteel was en wat Msbibi toe vir homself gebruik het.

Na hierdie voorval het ons onttrek en het ons aan Hoofkantoor gerapporteer. Ek is later deur Brigadier Schoon in kennis gestel dat Kolonel Visser by hom gaan kla het oor die feit dat ek in Oos Transvaal sou opgetree het sonder dat hy geken is.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek het die voorval spesifiek aan Brigadier Schoon gerapporteer nadat Kolonel Visser gekla het. Kol Visser het gekla dat hy nie ingelig was i v m die operasie nie. Hierdie was egter operasies gemik om die ANC soveel moontlik te ontwrig en hulle uit Swaziland te dryf en hulle van 'n veilig basis en hawe te ontneem.

9.b **BESERINGS, DOOD OF SKADE GELY AS GEVOLG VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIME OF MISDRYF/MISDRYWE :**

PERSOON GEWOND, ERNSTIGE SKADE AAN HUIS EN DIEFSTAL VAN DOKUMENTE

9.c

(i) **NAAM/NAME VAN DE SLAGOFFERS :**

ONBEKEND

(ii) **BEROEPE VAN SLAGOFFERS :**

ONBEKEND

(iii) **NAME & ADDRESSE VAN SLAGOFFERS SE NAASBESTAANDES:**

ONBEKEND

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

iv) **ENIGE ANDER INLIGTING WAT MET DIE IDENTIFISERING EN OPSPORING VAN DIE SLAGOFFER BEHULPSAAM KAN WEES:**

N V T

10.a & b **POLITIEKE OOGMERK EN MY MOTIVERING WAAROM SODANIGE DADE, VERSUIME OF MISDRYWE AS DADE, VERSUIME OF MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN, BESKOU WORD :**

** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND & INLEIDING.

10.c **IS U OP ENIGE WYSE BEVOORDEEL** Finansieel **OF ANDERSINS**

NEE

10.d **INDIEN WEL, VERDUIDELIK DIE AARD EN OMVANG DAARVAN:**

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

11.a **IS DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE VERRIG IN DIE UITVOERING VAN 'N BEVEL OF TEN BEHOEWE VAN, OF MET GOEDKEURING VAN DIE BETROKKE ORGANISASIE, INSTELLING, LIGGAAM, BEVRYDINGSBEWEGING, STAATSDEPARTEMENT OF VEILIGHEIDSMAG ?**

JA

11.b **INDIEN WEL, MELD BESONDERHEDE MET BETREKKING TOT**

**SODANIGE BEVEL OF GOEDKEURING EN DIE DATUM DAARVAN EN INDIEN BEKEND, DIE NAAM/NAME EN ADRES/SE VAN DIE PERSOON/PERSONE WAT SODANIGE BEVEL/E OF GOEDKEURING VERLEEN HET :**

BRIGADIER SCHOON - OP EIE INISIATIEF MAAR HET LATER VIR BRIGADIER SCHOON INGELIG

12. **INDIEN VERVOLGING GEVOLG HET, MELD :**

(a) IN WELKE HOF :

N V T

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(b) SAAKNOMMER/S :

N V T

(c) OP WELKE AANKLAGTE :

N V T

(d) DATUM VAN DIE VOLGENDE VERSKYNING IN DIE HOF (INDIEN ENIGE) :

N V T

(e) MISDRYF TEN OPSIGTE WAARVAN SKULDIG BEVIND IS (INDIEN ENIGE) :

N V T

(f) DATUM VAN VONNIS (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(g) VONNIS OPGELê (INDIEN VAN TOEPASSING) :

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

(h) GEVANGENISNOMMER (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

13.a **IS SIVIEL VERRIGTINGE HANGENDE OF WORD DIT BEOOG NA AANLEIDING VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE TEN OPSIGTE WAARVAN AMNESTIE VERLANG WORD ?**

NEE.

13.b **INDIEN WEL, MELD :**

(i) DIE IDENTITEIT EN ADDRESSE VAN PARTYE EN HUL REGSADVISEURS INDIEN ENIGE :

N V T

(ii) DIE SAAKNOMMER EN DIE HOF WAARIN DIE VERRIGTINGE HANGEND IS :

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

NVT

**INSIDENT 10 :**

**MBABANE : ASKARI'S GEWOND :**

9.a **BESONDERHEDE VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN :**

(i) DAAD/DADE, VERSUIM/E OF MISDRYF/MISDRYWE :

SAMESWERING ,POGING TOT MOORD , REGSVERYDELING, BEGUNSTIGING, SAAKBESKADIGING, OORTREDINGS INGEVOLGE DIE WET OP WAPENS EN AMMUNISIE
ALLE MINDERE MISDRYWE ONDERBOGENOEMDE
ALLE ANDER MISDRYWE WAT MAG BLYK UIT DIE FEITE

(ii) DATUM :

??

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(iii) PLEK :

SWAZILAND

(iv) AARD EN BESONDERHEDE :

Ek kan my weereens nie herinner presies gedurende watter tydperk hierdie voorval plaasgevind het nie, maar is my herinnering dat 'n aanval deur Askari's wel op 'n huis met ANC lede in Mbabane in Swaziland geloods is. Ek bevestig dat die Askaris wat opgetree het ondermeer, Geoff Bosigho was en drie ander, van wie ek nou die

name nie kan onthou nie. Die operasie is van stapel gestuur as gevolg van inligting wat ons ontvang het van die Middelburg se Veiligheidstak, meer spesifiek Adjudant Offisier Labuschagne. Die Middelburg se Veiligheidstak wou gehad het dat 'n prominente ANC lid om die lewe gebring moes word . Daar is gereël dat die Askaris die persoon moes doodskiet. Weereens het ek uitklaring en goedkeuring by Brigadier Schoon gekry, voordat die operasie van stapel gestuur is.

Hierdie aanval is geloods deur Askari's wat lede van my eenheid was. Twee van die Askari's is ernstig in hierdie voorval gewond en het ons ook in die proses 'n wapen , 'n 9mm handmasjienkarabyn verloor. Die wapen is wel later teruggekry en het ons beide ernstige gewonde Askari's uit die gebied gedra en hulle oor die grens teruggeneem na die R S A waar hulle in die hospitaal opgeneem is.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Beide hierdie Askari's het heeltemal herstel. Die voorval was opgegee as 'n skietery heen en weer oor die grens om die lede se beserings te verduidelik.

9.b **BESERINGS, DOOD OF SKADE GELY AS GEVOLG VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIME OF MISDRYF/MISDRYWE :**

ONBEKEND

9.c

(i) **NAAM/NAME VAN DE SLAGOFFERS :**

ONBEKEND

(ii) **BEROEPE VAN SLAGOFFERS :**

ONBEKEND

(iii) **NAME & ADDRESSE VAN SLAGOFFERS SE NAASBESTAANDES:**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ONBEKEND

iv) **ENIGE ANDER INLIGTING WAT MET DIE IDENTIFISERING EN OPSPORING VAN DIE SLAGOFFER BEHULPSAAM KAN WEES:**

N V T

10.a & b **POLITIEKE OOGMERK EN MY MOTIVERING WAAROM SODANIGE DADE, VERSUIME OF MISDRYWE AS DADE, VERSUIME OF MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN, BESKOU WORD :**

